

violent this time. At Stellenbosch there was a riot and damage to property. Supplementary orders-in-council further excited the feelings of the colonists and agitation by slave-holders in Cape Town culminated in a great mass meeting of two thousand people on 17th September, 1832. The audience then marched to Government House and sent a deputation to present their views to Governor Sir Lowry Cole. In the end the colonists gained their point; the governor was instructed to suspend the application of the main source of unrest: the punishment book.

So severe was the strain imposed on slave-owners by the various regulations that it was indeed a relief when, at length, the British Parliament abolished slavery. The bill became law on 28th August, 1833, and stipulated that after a fixed date — 1st December, 1834, in the Cape Colony — all slavery was to cease within the British Empire. Slaves over six years were to be apprenticed for four or six years to their employers. If for six years then their working hours were to be reduced to 45 per week. The first day of December, 1833, can thus be considered the official date of the cessation of slavery in South Africa.

### *Boekbespreking*

*Van Jaarsveld, F. A.: Die Ontwaking van die Afrikaanse Nasionale Bewussyn, 1868 — 1881, pp. 198, prys 17/6, Voortrekkerpers, Johannesburg, 1957.*

**M**ET hierdie werk trag die skrywer om die probleem op te los, soos hy dit in sy eie woorde stel: „Wanneer het die Afrikaanse nasionalisme ontstaan en wat was die eienskappe daarvan? Hoe het die proses van nasionale selfbewuswording plaasgevind?” Wyle prof. N. Brümmer van Stellenbosch was waarskynlik die eerste persoon wat ’n veertig jaar gelede al hierdie vrae in ’n aantal voorlesings op ’n wetenskaplike wyse probeer verantwoord het. In die drie bande van *Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner*, onder redaksie van C. M. van den Heever en P. de V. Pienaar, het verskeie medewerkers die wording van die Afrikaner en die ontlouking van sy nasionalisme as uitgangspunt geneem of as tema laat geld. Ook in die tweede band van *Geskiedenis van Suid-Afrika*, onder redaksie van A. J. H. van der Walt, J. A. Wiid en A. L. Geyer, is die probleem van die wording van die Afrikaner aangeroe. Deur die probleem nou vanuit ’n historiografiese en geestesgeskiedkundige hoek te benader en sy gevolgtrekkinge op wetenskaplike bronne te laat berus, het dr. Van Jaarsveld egter vir ons ’n besonder verdienstelike beeld van die Afrikaner se ontloukende nasionalisme gegee.

Omdat die werk nie suiwer beskrywende geskiedenis is nie, maar ook bespieëlend van aard is, lok sy metode en afleidinge dikwels reaksie uit. Hoewel die werk self nie juis polemies van aard is nie, het dr. Van Jaarsveld hom daarop voorberei dat dit wel polemieks kan uitlok, want gee hy toe „daar is seker kans op verskil van insig”. Dit tref dan ook dat die werk ’n benadering van die probleem is en nie soseer daarop gemik is om finale uitspraak daaroor te gee nie. Hierdie openhartigheid en sy nugtere en objektiewe vertolking verleen dan ook aan die werk ’n frisheid wat dit besonder lesenswaardig maak.

Die werk word in drie afdelings verdeel t.w. Skeiding en Afsondering (1836 — 1868), Weerontmoeting: Die Afrikaanse Nasionale Selfbewuswording (1868 — 1877) en die Geestelike Eenwording: Die Ontstaan van 'n Afrikaanse Nasionalisme (1877 — 1881). Elke deel word voorafgegaan deur 'n „Agtergrond”, wat in werklikheid niks meer as 'n samevatting van die Britse beleid in Suid-Afrika is nie en op erkende en bekende bronne berus. Dit is gedoen ten einde die ontwaking van die Afrikaner se nasionale bewussyn as reaksie teenoor hierdie beleid te behandel.

Sonder om afbreuk te wil doen aan die bydrae wat die skrywer met hierdie werk tot ons geskiedskrywing gelewer het, bied die ietwat eensydige benadering van sy probleem grond vir ernstige kritiek, nl. om die geheel uit te werk as aksie (Britse beleid) en reaksie (die uitwerking daarvan op die Afrikaner). Omdat die Britse beleid net van 'n staatkundige kant behandel word, word die Afrikaner se ontloukende nasionale bewussyn haas net op politieke terrein in oënskou geneem. Die skrywer aanvaar dat hy met hierdie werk die terrein betree wat „tussen die politieke, geestes- en sosiale geskiedenis lê”, met ander woorde dit is vir hom duidelik dat nasionale bewussyn nie net op die politieke terrein gevorm word nie. Die werk self getuig egter dat hy 'n weg gevolg het waarvan die padwysers feitlik net dié van die politieke geskiedenis is. Van die geestes- en sosiale ontwikkeling van die Afrikaner m.b.t. sy wordende nasionale bewussyn kom daar weinig tereg. Ook sy lys van geraadpleegde werk getuig hiervan.

Die volkswording van die Afrikaner en die ontwaking van sy nasionale bewussyn word nie altyd stelselmatig en in 'n deurlopende lyn, met sy kenmerkende dalinge en styginge, of met inagneming van alle godsdienstige, kulturele, sosiale, materiële sowel as sielkundige faktore uitgewerk nie, maar dit bly steeds gebind aan die prikkels wat van die Brit veral op politieke terrein uitgegaan het, al dan nie. Vandaar dat die skrywer miskien so geneig is om te veel klem op die „gebrek” aan nasionaliteitsgevoel te lê, waar dit, niesteenstaande die gebrek aan uiterlike prikkels en gepaardgaande gebrek aan reaksie, tog steeds as 'n onderstroom vloei. Omdat hierdie gevoel of bewussyn, wat uiteraard moeilik te definieer en te bepaal is, nie altyd op die oppervlakte waargeneem kan word nie, veral ook as in aanmerking geneem word hoe uiters beperk die uitdrukkingsmiddele en -moontlikhede van volksgevoelens en -bewustheid in pioniersomstandighede was, beteken dit nie noodwendig 'n deining, agteruitgang of afwesigheid aan hierdie gevoel of bewussyn nie. Omdat die skrywer nie tot die volle diepte van die Afrikaner se wordende volksbewussyn afsteek nie, is die gevolgtrekkinge daarvoor te veel na die uiterlike waargeneem en derhalwe ook te min na die innerlike blootgelê.

Die behandeling van die probleem in verskillende tydvakke, t.w. 1. die tydperk van volkswording, 2. die fase van nasionale selfbewuswording en 3. die ontstaan van die Afrikaanse nasionalisme, met bepaalde datums wat elke tydvak aandui, kom geforseerd voor. Die natuurlike historiese ontwikkeling van die Afrikaner se nasionale bewussyn word daardeur in vaste kompartemente verdeel. Die skrywer erken self in sy „Probleemstelling” dat daar „moeilik tydperke vir die drie fases afgebaken (kan) word. Die een het soms in die

ander gegryp . . . ”, maar in die behandeling van sy probleem gaan hy tog daartoe oor om hierdie fases aan bepaalde jaartalle te verbind. Die patroon van sy fases, met jaartalle, het hy ongetwyfeld uit sy stof (Britse beleid en reaksie daarop) herlei, maar omgekeerd het hy hierdie patroon daarna te streng op die tema in sy geheel gaan afdruk. Die vraag kom op of die historiese beeld van 'n ontluikende Afrikaanse volksbewussyn nie helderder sou gewees het as dit by elk van die drie „geografiese” of „staatkundige” groepe, t.w. die Vrystaat, Transvaal en Kaapland, vanweë die eie en besondere aard van elk, afsonderlik uitgewerk is nie? Deur middel van 'n slotafdeling sou hierdie onderskeie ontwikkelingsgange dan tot 'n eenheidsbeskouing gebring kon word.

Aangesien die grondslae van 'n ontwakende nasionale bewussyn by die Afrikaner nie vroeër as die Groot Trek teruggespoor word nie, kry die leser onwillekeurig die indruk dat hy die eerste bedryf van die drama misgeloop het. Die „tydperk van volkswording” word só vlug en oppervlakkig afgehandel dat die belangrikheid daarvan veral vir die oningewyde leser totaal verlore gaan. Daar is soveel dinge wat daarop dui dat in hierdie tydperk van die Afrikaner se geskiedenis veel meer in sy vorming afgespeel het as wat daar tot dusver deur historici blootgelê is. In hierdie tydperk van minstens 'n anderhalf eeu is immers die grondslae en onontbeerlike voorwaardes van 'n latere nasionale ontluiking gevorm.

Die skrywer se styl en terminologie is nie deurgaans eenvoudig nie, maar dit doen geen afbreuk aan die feit dat hierdie werk deur alle historici, geskiedenis-liefhebbers en elkeen wat homself as 'n Afrikaner beskou, gelees behoort te word nie. Wat ook al teen die benaderingswyse van die probleem ingebring mag word, dit bly 'n prikkelende werk. Dit sal waarskynlik ook nog vir baie jare as prikkeling dien, hetsy om die uitsprake daarvan te bevestig, hetsy om dit te weerlê. Ons geskiedskrywing het beslis meer van hierdie soort werke nodig.

Hier mag ten slotte opgemerk word dat mnr. M. C. E. van Schoor (van die Universiteit van die O.V.S.) reeds sedert 1948 aan 'n studie oor dieselfde probleem besig is, nl. die ontluiking van die Afrikaner se volksgevoel sedert die vroegste jare en die ontplooiing daarvan in die Oranje-Vrystaat tot 1881. Daar word met belangstelling na die voltooiing van die werk uitgesien, veral in die lig van dr. Van Jaarsveld se bevindinge. Dit is ook duidelik dat 'n volledige en wetenskaplike studie van die ontluiking van die nasionale gevoel en bewussyn van die Kaaplandse Afrikaner nou 'n dringende behoefte in ons Suid-Afrikaanse geskiedskrywing geword het. J. J. OBERHOLSTER.

*Wilkinson, B.: Constitutional History of Medieval England, 1216 — 1399, Bd. III, pp. 421, prys 35/-, Longmans, Green and Co., London, New York, Toronto, 1958.*

**D**IE parlementêre stelsel wat by ons geld is 'n min of meer getroue weergawe van die Engelse parlementêre stelsel. Hierdie stelsel het ontstaan gedurende die tydperk wat prof. Wilkinson behandel. Veral die jare vanaf 1245 tot 1295 is in hierdie verband belangrik. Vir ons is hierdie werk dus ook vanuit 'n staats-regtelike oogpunt van belang, aangesien ons parlementêre stelsel slegs in sy

historiese agtergrond verstaan kan word. In hierdie verband het die skrywer vir ons belangrike werk gelewer. Wat veral in die werk verwelkom word, is dat bepaalde beginsels weer op die voorgrond gestel word. Die neiging van die meeste moderne skrywers oor staatsregtelike geskiedenis is om hulleself in 'n massa besonderhede te verdrink en die werklike vraagstukke waar dit om gaan nie raak te sien nie. Omdat neëntiende eeuse skrywers oor die staatsregtelike geskiedenis, soos Gierke, Brunner, Schröder, Hatschek, Stubbs en Maitland heelwat foute gemaak het in hulle historiese ondersoek, en moontlik (veral Gierke) soms te geneig was om feite in die raamwerk wat hulle self opgestel het te probeer inpas, is die huidige neiging om hulle te ignoreer. Die teoretiese beginsels wat hulle vooropgestel het, was egter dikwels juister as teenswoordig in die algemeen besef word.

Prof. Wilkinson laat in hierdie verband 'n welkome nuwe klank hoor. Veral is vir ons van belang sy bespreking vanaf bl. 241. Hier toon die skrywer aan dat verandering van die reg deur middel van wetgewing en belastingheffing reeds in die dertiende eeu nie vir die koning alleen moontlik was nie, maar slegs deur die parlement teweeggebring kon word, omdat die hele volk daar verteenwoordig was. Hierdie belangrike beginsel het altyd gebly, al het sommige konings dit soms nie toegepas nie en al het koninklike ordonnansies en feodale regte die beginsel soms verduister. Vir die ontwikkeling van die parlementêre stelsel is hierdie beginsel, wat veral deur hoofregter Coke in die 17de eeu vooropgestel is, van die grootste belang.

Die metode wat die skrywer volg is om die betrokke stukke letterlik aan te haal, nadat hy 'n inleidende oorsig gegee het. Hoewel hierdie metode soms die verband verlore laat gaan, het dit weer die voordeel dat die bronne waarop bepaalde stellings berus vir die leser dadelik beskikbaar is.

Vir diegene wat die ontwikkeling van ons parlementêre stelsel wil bestudeer, is hierdie werk van groot nut.

J. P. Verloren van Themaat.

*Ronda, Alexander*: samengesteld door, Geschiedenis der Mensheid, in het Nederlands bewerkt onder leiding van dr. O. Noordenbos, Deel I, pp. 377, De Bezige Bij, Amsterdam; N.V. Standaard-Boekhandel, Antwerpen, 1956.

**I**N verband met hierdie vyfdelige wêreldgeskiedenis, die eerste deel waarvan ons vir resensie toegestuur is, word vertel dat reeds tydens die Tweede Wêreldoorlog verskeie historici die plan oorgeneem het om 'n „boekwerk te vervaardigen, die de som van de historische kennis van heden en verleden zou omvatten”. In 1946 het die Switserse uitgewery Otto Walter dan in verbinding getree met 'n aantal Europese geleerdes. Ten slotte het 150 medewerkers uit vyftien lande byna nege jaar lank daaraan gewerk voor dit as „Handbuch der Weltgeschichte” in 1954 die lig gesien het. Aan die eerste deel het 40 persone meegewerk waarvan die name aangegee word. Hulle is hoofsaaklik afkomstig uit Switserland, Oostenryk, Duitsland, Italië en Frankryk, dus hoofsaaklik uit Katolieke lande. Dit ly egter geen twyfel dat ons te doen het met 'n werk van 'n internasionale karakter; alleen in dié opsig al iets buite die gewone.

Maar ook in ander opsigte is dit 'n buitengewone boekwerk. Die term *geskiedenis* is so wyd opgeneem dat dit nouliks as 'n suiwer geskiedkundige werk kan deurgaan. Dit behandel eintlik die breë kulturele ontwikkeling van die mensdom vanaf die oertyd tot vandag en die volgende afdelings van die menslike geestesuiting geniet om die beurt die aandag vir elke afsonderlike tydperk: „Godsdienst, Cultuur (wetenskap, wijsbegeerte, literatuur), Kunst, Sociale en ekonomiese geskiedenis, Politieke geskiedenis.” Met 'n uitvoerige register wat by die laaste deel belooft word sal dit dan ook 'n handige naslaanwerk word.

„Iedere tijd verlangt zijn eigen geschiedschrijving,” lui dit in die voorwoord, „ . . . vooral — en dit geld in onze dynamische tijd in het bijzonder — omdat de eigentijdsche historie de terugblik op het verleden diepgaand beïnvloed.” Europa is nie meer die wêrelddeel wat die hele wêreld beheers nie; dit het 'n gebied geword wat deur buite-europese wêreldmagte ingeklem word. Daarom het die Europa-sentriese geskiedenisbeskouing afgedaan. „Dit werk is uitgegaan van een geheel nieuwe geschiedbeskouing die de gang der mensheid zich ziet voltrekken in cultuurontwikkelingen in wereldverband.” Selfs die ou indeling Antike, Middeleeue en Moderne Geskiedenis word deur hulle oorboord gegooi. Die rol van Europa in die wêreldgebeure word egter nie misken nie.

Op dit alles is seker heelwat kritiek uit te bring. Die resultaat is egter verfrissend, soos elke nuwe benadering nou eenmaal is. Die boek lees besonder aangenaam. Dit is 'n mooi uitgawe met swart en wit en gekleurde illustrasies en 'n aantal landkaarte. Voorwaar 'n werk wat kan aanbeveel word vir elke persoon wat in die verlede belang stel.

F. J. DU T. S.

*Reichauer, Edwin O.:* The United States and Japan, revised edition, pp. 394, Harvard University Press, Cambridge, Massachusetts, 1957.

**H**OEWEL genoemde boek hoofsaaklik vir die Amerikaanse leser bedoel is, is die lot van Japan en ook die verhouding tussen Japan en die V.S.A. 'n saak van wêreldbeteekenis, sodat dit ook in Suid-Afrika belangstelling behoort te wek. Ook vir ons in Suid-Afrika is die fenomenale ontwikkeling in Oos-Asië gedurende die jongste tyd iets van die grootste belang. Die bewering dat ons 'n tussenposisie tussen die Ooste en die Weste inneem, het al 'n gemeenskap geword.

Die skrywer van die boek, Edwin Reichauer, is 'n Amerikaner wat in Japan gebore is, daar opgegroeï het en ook 'n deel van sy opleiding aan Japanse onderwysinrigtings ontvang het. Tydens die afgelope wêreldoorlog het hy o.a. as adviseur opgetree insake Japan en tans is hy „Professor in Far Eastern Languages” aan die Universiteit van Harvard.

As gevolg van hierdie agtergrond het hy 'n intieme kennis van Japan en sy probleme. Die boek is hoofsaaklik 'n bespreking van die huidige toestand. Die *geskiedenis* van die Amerikaans-Japanse verhoudinge word in een hoofstuk kortliks afgehandel. Dit lyk my na 'n tekortkoming. Die gebeure van die jongste verlede, veral tydens die Tweede Wêreldoorlog en daarna kom egter telkens onder die soeklig. Die boek is vlot en onderhoudend geskryf en aan te beveel aan enigiemand wat meer van Japan en sy probleme te wete wil kom. F. J. du T. S.

*Cottrell, Leonard: De bergen van Pharao, 2,000 jaren Pyramideondersoek, pp. 256, De Bezige Bij, Amsterdam, 1957.*

**D**IE titel van hierdie interessante boek is ontleen aan 'n opmerking van die Engelse reisiger Melton dat die piramide deur die Arabiere „die berge van Farao” genoem word. Die subtitel „2,000 jaren pyramide-onderzoek” gee die inhoud van die boek noukeuriger aan. Dit is 'n vertaling uit Engels.

Die outeur, 'n welbekende radio-rapporteur en skrywer, gee in hierdie boek 'n oorsig van die werk van die verskillende ondersoekers deur die eeue heen en dui aan hoe hulle gehelp het om die raaisel van die piramides op te los. Die historiese oorsig begin by die Saïte, die 26ste Egiptiese dinastie (663 — 525 v. C.) en eindig met die werk van die Egiptenaar-argeoloog uit ons tyd, Mohammed Zakaria Goneim. Telkens onderbreek die outeur sy historiese relaas om interessante staaltjies uit die ondervindings van hierdie ondersoekers mee te deel; soos bv. die angs van die anonieme Skot dat hy deur die miljoene vlermuise opgeëet sal word toe hy die eerste een was om hom in die „bron” of noodskag van die groot piramide te laat afsak het, of van Melton, hierbo genoem, wat vuurwapens in die ingang van die piramide afgeskiet het om moontlike slange te verjaag.

As jy verneem hoe mildelik buskruit in dae van weleer gebruik is om toegang tot die piramides te verkry dan verbaas jy jou dat daar vandag nog iets van die monumentale bouwerke oor is en dan besef jy hoe deeglik die ou Egiptenare die grafte van hulle konings gebou het. Dit is verblydend om te verneem van die uitgesproke standpunt van die skrywer teenoor die sekte, wat veral in die Angel-saksiese wêreld sy ondersteuners vind, en waarvan mens in Suid-Afrika ook verneem, wat meen dat hulle uit die afmetings en proporsies van die piramides die toekoms en selfs die ondergang van die wêreld kan voorspel.

Ongelukkig is die outeur nie altyd konsekwent in sy transkripsie van die name van die farao's nie. So ver moontlik volg hy Herodotos vir die koningsname van die Gizeg-piramide-groep. Is dit nie beter om *Psammeticus* i.p.v. *Psamtik* te skryf nie? Is *Assboebanipal* (vir *Assburbânipal*) en *Echnaten* (vir *Ignaton*) drukfoute? Die skryfwyse *Nebukadresar* vir die bekende Babiloniese koning was wel onder die Hebreërs bekend. (Vgl. die boek Jeremia). Farao Necho het nie teen die Assiriërs geveg nie maar hulle juis gehelp teen die anti-Assiriese magte, onder wie Josia van Juda (nie die Hebreërs nie) gereken moet word.

Benewens meer dergelike onjuisthede kan hierdie hoogs interessante boek vir elkeen aanbeveel word. A. H. van Zyl.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

*Tuberville, A. S.: The House of Lords in the Age of Reform (1784 — 1837), Faber and Faber, London, 1958.*